

SAGTEVRUGTEPLANTVERBETERINGSVERENIGING

KLAGTEPROSEDURE

1. KLAGTES TEN OPSIGTE VAN PLANTMATERIAAL UIT MOEDEREENHEDE

- 1.1 Klagtes ten opsigte van plantmateriaal deur PVO's aan kwekers voorsien, moet binne 5 (vyf) werksdae nadat die plantmateriaal ontvang is of vanaf datum waarop die klagte ontstaan het direk aan die betrokke PVO gerig word en binne 14 dae deur die PVO opgevolg en reggestel word waar moontlik.

2. KLAGTES TEN OPSIGTE VAN KWEKERYBOME

- 2.1 Klagtes ten opsigte van kwekerybome deur kwekers aan produsente voorsien, moet binne 5 (vyf) werksdae nadat die plantmateriaal ontvang is of vanaf datum waarop die klagte ontstaan het direk aan die betrokke kweker gerig word en binne 14 dae deur die kweker opgevolg en reggestel word waar moontlik.

3. KLAGTES VERWYS NA SPV

- 3.1 Indien 'n klagte nie bevredigend binne 14 dae onderling opgelos kan word nie, moet die klaer 'n skriftelike klagte direk aan die Voorsitter van die Sagtevrugte Plantverbeteringsvereniging (SPV) rig by Posbus 166, Paarl, 7620.
- 3.2 Alle formele klagtes moet tydens die ondersoek daarvan as streng vertroulik deur alle persone daarby betrokke hanteer word.
- 3.3 Alle formele klagtes moet deur die SPV skriftelik erken word en partye betrokke moet skriftelik verwittig word dat 'n klagte ontvang is en ondersoek word.
- 3.4 Die Voorsitter sal met beide partye praat en verduidelik hoe die proses werk en 'n voorlopige tydraamwerk vasstel.
- 3.5 Addisionele inligting en bewyse wat benodig word om die ondersoek te doen, kan ingevolge die diskresionêre bevoegdheid van die gesag deur die Voorsitter by die betrokke partye aangevra word.
- 3.6 Enige onvermoë om inligting te verskaf sal tot die veronderstelling lei dat die betrokke party moontlik skuldig is.
- 3.7 Indien 'n verdere ondersoek benodig word moet die Voorsitter 'n ondersoekspan of 'n onafhanklike deskundige aanstel om die klagte te ondersoek.
- 3.8 Indien die koste om die klagte te ondersoek aansienlik is, mag die Voorsitter voor die aanvang van die ondersoek van die klagte 'n deposito of 'n onderneming van beide partye vereis om die koste wat deur die Vereniging aangegaan moet word, te dek.
- 3.9 Ondersoek moet deur die ondersoekspan of onafhanklike deskundige ingestel word na die klagte en die kwekery/PVO en produsent moet uitgenooi word om teenwoordig te wees tydens die ter plaatse ondersoek.

- 3.10 Monsters wat geneem word tydens die ondersoek moet in die teenwoordigheid van die betrokke kwekery/PVO en produsent geneem word.
- 3.11 Ontleding van die monsters moet gedoen word deur 'n Staatslaboratorium of 'n laboratorium wat by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en by die Raad geregsitreer is om die betrokke toetse uit te voer.
- 3.12 Aanbevelings van die ondersoekspan of 'n onafhanklike kundige word aan die Voorsitter voorgelê ten einde 'n bevinding te maak en verdere stappe te oorweeg.
- 3.13 Indien die feite nie betwis word nie, sal die Voorsitter 'n beslissing maak om die klagte op te los op grond van die bewyse wat beskikbaar is.
- 3.14 Bevindinge van die Voorsitter en enige verdere stappe moet vir bekragting aan die Raad voorgelê word.
- 3.15 Na afhandeling van klagte moet die klaer en partye betrokke skriftelik deur die Raad in kennis gestel word van die bevindinge.
- 3.16 Indien die Raad bevind dat dit 'n geldige klagte is:
- 3.16.1 moet die sertifisering ingetrek word van die plantmateriaal of die betrokke entkombinasie.
- 3.16.2 moet die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye via die Registrateur van Plantverbeteringswet, **Direktoraat: Plant Produksie, Privaatsak X250 Pretoria, 0001 of kamer 358 Harvest House, 30 Hamilton Road, Arcadia, PRETORIA**, daarvan in kennis gestel word.
- 3.16.3 kan die naam van die betrokke kwekery/PVO in die Staatskoerant gepubliseer word.
- 3.17 Indien oortredings begaan is in terme van die Plantverbeteringswet of ander wetgewing kan verdere optrede en vervolgings deur die Departement van Landbou ingestel word teen die oortreders.
- 3.18 Indien dit uit die ondersoek blyk dat die klagte nie aan 'n fitosanitêre of fisiese tekortkominge van die kwekerybome of plantmateriaal toegeskryf kan word nie, kan die koste van die ondersoek en laboratorium ontledings van klaer verhaal word soos besluit deur die Uitvoerende Raad.
- 3.19 Indien 'n klagte nie tot bevrediging van die klaer opgelos is nie, kan die klaer by die Minister appèl aanteken.
- 3.20 Indien uit die ondersoek van die klagte blyk dat 'n oortreding begaan is, word die prosedure vir optrede teen oortreders soos in 'n aparte dokument omskryf, gevolg.